# 'n Kunswerk wat iets losmaak

'Ek is woordeloos daardeur aangegryp, en 600 woorde is hopeloos te min om iets van my aangegryptheid te probeer deel,' skryf **WILLIE BURGER** oor Francois Smith se jongste roman.

Die hoofkarakter in Francois Smith se jongste roman is 'n dokter op 'n plattelandse dorp. Wanneer dokter Gustav van Aardt voor een van die kunswerke in sy spreekkamer staan, dink hy: "Egte kuns is nie net mooi prentjies nie, dit maak iets in mens los, al is die meeste mense heeltemal onbewus van hulle reaksie daarop. Dis juis om hierdie rede dat hy kunswerke in sy spreekkamer het, om mense te help om iets in hulle te ontketen. (…) Net dit. Om woordeloos aangegryp te wees."

*Die kleinste ramp denkbaar* is ook só 'n kunswerk wat iets in die leser losmaak, 'n reaksie ontketen.

Dis nie in die eerste plek die verhaal wat 'n mens aangryp nie. Dié is eenvoudig: Die dokter kry op 'n Vrydagoggend die dorp se gevreesde polisieman, Schuin, in 'n koorskoma by sy praktyk. Schuin het slegs 'n stukkie papier, met sy kollega, sersant Portia Klaas, se telefoonnommer daarop, by hom. Van Aardt diagnoseer bosluiskoors en 'n ambulans kom later die oggend die siek polisieman hospitaal toe neem. Totdat die ambulans opdaag, is almal ongemaklik bewus van sy teenwoordigheid in die dokter se agterkamer.

Van Aardt bly egter ontstem deur Schuin. Hy vermoed dat die polisieman en Klaas met iets onderduims besig was en wil uitvind wat dit presies was. Sy ondersoek na die vermoedelik onwettige gedrag van die intimiderende polisieman met sy reputasie van geweldadigheid, lei die dokter onder meer na die township, die hospitaal asook na sommige van sy pasiënte (ook sy ontvangsdame) se huise en uiteindelik na die plaas waar hy grootgeword het.

In 'n sekere sin is die roman dus 'n speurverhaal. Die dokter ondervra verskillende mense om die geheim bloot te lê. Hy kom egter bedroë van sy speurtog af. Hy weet nie regtig wat die "misdaad" is wat hy ondersoek nie en kan dus ook nie die regte vrae vra om uit te vind nie. Oral is hy ongemaklik. Telkens word hy gekonfronteer met sy onbegrip van die mense van sy eie dorp.


Intussen worstel hy eintlik met die feit dat sy vrou hom verlaat het en dat sy seun, wat oorsee woon, nie veel kontak met hom het nie. Sy speurtog is eintlik om die geheime van sy eie lewe te ontrafel.

Sentraal staan Van Aardt se onvermoë om te kommunikeer, om die regte vrae te vra, om te sê wat hy dink. Hy onthou byvoorbeeld 'n gesprek tussen hom en sy vrou jare voordat sy hom verlaat het. Hy het simpel opmerkings gemaak ten einde kontak met haar te maak, maar sy het net weggekyk: "Hy kon haar toe aan die skouers gevat en vas in die oë gekyk en vir haar gesê het, hei, ek wil met jou praat, maar hy het nie."

So probeer hy deurgaans met mense praat, die regte vrae vir hulle vra, maar kry dit nie reg om die antwoorde te kry waarna hy soek of te sê wat hy dink nie. Die rede is dat hy nie daarin kan slaag om homself weerloos voor ander te maak nie, dat hy eintlik afstand skep deur sy professionele en individualistiese front, dat hy sy eie weerloosheid verberg van almal – ook van homself. Uiteindelik laat dit hom met 'n gebrek aan selfkennis en in diepe eensaamheid.

Nieteenstaande sy afsku jeens Schuin word hy juis deur die polisieman geboei omdat hy iets van homself in die man herken. Hy is ook (al sy dit dan nie gewelddadig nie) intimiderend en sonder teken van weerloosheid.

Die roman ontketen, deur die volgehoue ongemaklike spanning wat deur die taalgebruik bewerkstellig word, die besef dat erkenning van 'n mens se eie weerloosheid teenoor jouself en ander noodsaaklike grond vir goeie menseverhoudings is. P




***Die kleinste ramp denkbaar*, Francois Smith (Tafelberg, R240)**

## WEN

Wen 'n eksemplaar van *Die kleinste ramp denkbaar* deur Francois Smith. Stuur jou naam en kontakbesonderhede met SMITH in die onderwerpveld na plus50@plus50.co.za voor 12 Maart.



**Willie Burger**, professor in literatuurstudie aan UP, begin in hierdie uitgawe met 'n gereelde rubriek waarin hy 'n aspek van 'n spesifieke roman wat onlangs verskyn het uitlig.